PREEKNOTA

Datum: 19/03/2025

Inleiding

"Die doel van lofprysing is nie om God te herinner hoe groot Hy is nie, maar om onsself te herinner hoe afhanklik ons van Hom is."
C.S. Lewis

"Aanbidding is nie om dinge van God te kry nie, maar om God self te waardeer en te geniet."
John Piper

1. Lofprysing en aanbidding is 'n keuse:

2 Ek wil die Here heeltyd prys; ek sal Hom dag en nag met lofliedere loof.
Psalm 34:2 (DB)

17 Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe
aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en
die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee
in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder
beeste wees, 18 nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig
in God, my Redder. 19 Die Here my God gee vir my krag. Hy
maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat
Hy my veilig loop. Vir die koorleier. Met snarespel.
Habakuk 3:17-19 (AFR83)

Laat alles wat asem het die Here prys! Prys die Here!
Psalm 150:6 (AFR83)

Kom, laat ons aanbid en neerbuig, kniel voor die Here,
ons Maker, ...
Psalm 95:6 (NLV)

Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n lofoffer aan God bring, dit is die vrug van lippe wat Sy Naam bely.
Hebreërs 13:15 (AFR83)

2. Naby God word jy verander:

1 In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here
gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste
van sy kleed het die tempel gevul. 2 By Hom was daar
serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad:
met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en
met twee het hy gevlieg. 3 Die serafs het mekaar telkens
toegeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!
Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."
4 Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne
gerammel het en die tempel vol rook geword het. 5 Toe
het ek uitgeroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke
woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk
van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning
gesien, die Here die Almagtige."
Jesaja 6:1-5 (AFR83)

3. Dit is BAIE naby en persoonlik:

23 "Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware
aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal
aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat
Hom aanbid, dit so moet doen. 24 God is Gees, en dié wat
Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in
waarheid aanbid."
Johannes 4:23-24 (AFR83)

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES
Snap here to pay
SnapScan
BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655